basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V2

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MORELE AGTERUITGANG GROOTSTE BEDREIGING VIR SUID-AFRIKA**

Chris Mathebula, 'n plaaslike aktivis vir morele herlewing, sê dat Suid-Afrika nie wette toepas nie en baie sag teenoor oortreders optree. Mathebula het bygevoeg dat Suid-Afrikaners 'n punt bereik het waar hulle nie meer soos mense optree nie en hulle sedes morele waardes verloor het. Dit gebeur terwyl mediaverslae oor hoë korrupsievlakke, geweld en misdaad debat oor die morele agteruitgang van die samelewing in die land uitlok.

[Bron: *Morning Live*@SABC NEWS, 16 Maart 2018, 09:57]

1.1 Verduidelik die konsep *morele agteruitgang* en gebruik DRIE voorbeelde om jou antwoord te illustreer. (8)

1.2 Analiseer die impak van morele agteruitgang op die samelewing. (12)

1.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens, bespreek die leringe wat spesifiek die probleem van morele agteruitgang bekyk. (16)

1.4 Watter praktiese strategieë kan godsdiensorganisasies implementeer om morele agteruitgang in ons samelewing te beveg? (14)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

2.1.2 Lewe na die dood (10)

2.2 Noem en verduidelik enige VIER hermeneutiese beginsels. (16)

2.3 Bespreek die rol van mondelinge tradisie in die ontwikkeling van heilige teks. (14)

**[50]**

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Alhoewel elke godsdiens nieonderhandelbare oortuigings het, kan verskille met betrekking tot interpretasie en praktyk nie uitbly nie.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

3.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, noem TWEE van die vertakkings daarvan. (4)

3.2 Bespreek die verskille wat binne die vertakkings wat jy in VRAAG 3.1 genoem het, bestaan onder die volgende opskrifte:

3.2.1 Bestuur/Beheer/Leiding (12)

3.2.2 Leringe (12)

3.3 Noem enige EEN sekulêre wêreldbeskouing en verduidelik die oortuigings daarvan. (12)

3.4 Bespreek die impak van sekularisme op die samelewing. (10)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 Kies enige EEN OOSTERSE godsdiens (Hindoeïsme/Boeddhisme/Taoïsme) en vergelyk die leringe daarvan oor die skepping van die heelal met die Oerknalteorie. (14)

4.1.2 Tot watter mate daag Darwin se evolusieleer 'n godsdienstige opvatting van die lewe uit? (12)

4.2 Die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) en die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika-Religions for Peace ('ACRL-RfP') is twee organisasies wat intergeloofsdialoog bevorder met die oog op die vermyding van godsdienstige konflik.

Bespreek die werk wat deur enige EEN van hierdie organisasies gedoen word. (14)

4.3 Bespreek die historiese ontwikkeling van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste. (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou